

November 2006

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag 'n paar stukkie geskiedenis uit **De Volksstem** van 1876-1877. Die datum wat aangegee word is telkens die datum van die koerant waarin die berig verskyn en nie die datum van die gebeure nie.

Museum en Biblioteek

President Burgers is in 1876 na Nederland om daar onderwysers vir die Transvaal te werf. Onder hulle was onder andere Dr. Roorda Smit [Professor of Mathematics and Physics]

Hy het in Maart in Pretoria aangekom [76-03-18] en sommer dadelik begin om sy wetenskaplike kennis toe te pas. Hy het 'n hele paar uitstappies in die onstreke van Pretoria onderneem om "bouw stowwe" te versamel vir die geologiese kaart van Pretoria. Ook het hy 'n belangrike ontdekking gemaak. In die omgewing van Daspoort het hy 'n goed ontwikkelde varing-fossiel in die sandsteen formasie gevind [76-04-01].

Roorda Smit besluit om 'n museum en biblioteek by die skool te begin. Hy vra skenkings van die plaaslike gemeenskap en in twee koerante [76-09-23] en [76-10-21] verskyn daar 'n lys van skenkings. Dit is interessant om te sien wat elkeen geskenk het. Deur dit wat die mense geskenk het kan ook iets van hul belangstellings afgelei word. 'n Paar van die skenkings is die volgende:

H. Stiemens:- 'n Exp. Boa Constrictor [ek hoop die exp. beteken oorlede].

F. Stiemens:- 'n Skild en assegaai van die Swazi. [H. Stiemens was die eertydse onderwyser en F. Stiemens sy seun was later lid van die Staatsartillerie].

Loding:- Wyfies van Formica op spirits.

President Burgers:- Koek kaffersnuif, landslak en asbes van Leydenburg.

L. Preller:- Versameling van 120 buitelandse minerale.

Laurie:- Kaarte van Astrologie, Zoologie en Plantkunde [hy was 'n onderwyser van die Academy].

Russel:- Exp. Leguana [Handelaar van Kerkstraat].

De Vries:- Leeuvel.

Jorissen:- Gebruik van die President se biblioteek.

Skinner:- 2 assegaie, 2 skedels en stalagtiete.

Dr. G.H. Rissik:- Wood's Natural History.

Die studente het ook hulle deel gedoen. Vier van hulle, Begeman, Juta, Meintjes en Rissik, skenk insekte en reptiele in spirits. [In my verbeelding kan ek die vier jong seuns in die veld sien besig om te werk aan die versameling]

Die volgende jaar [1877-02-10] ontvang die museum en biblioteek ook 'n groot skenking boeke uit Nederland.

Helaas is alles verniet. Soos so baie van sy landgenote het Roorda Smit na die Anneksasie van Transvaal besluit om terug te keer na Nederland. Daar word berig [1877-08-01] dat die skool van dr. Roorda Smit gaan sluit. Die biblioteek (nou meer as 1,000 boeke) en museum word deur die staat oorgeneem.

Shepstone en die Anneksasie van Transvaal

Baie is al geskryf oor Shepstone se koms en die daaropvolgende anneksasie van die Transvaal. Alles egter uit 'n politieke en/of staatkundige oogpunt. Toe ek die Volksstem van 1876-1877 begin lees kry ek 'n heel ander, en vir my baie interessanter prentjie van die gebeure. Dit is die sosiale gebeure rondom die koms van Shepstone.

In De Volksstem [1876-12-16] word 'n Natalse koerant aangehaal wat skryf dat Shepstone op 6 Desember in Durban verwag word. Hy word vergesel van Escombe (regsgeleerde), Morcom (snelskrywer wat geen Hollands verstaan), Dr. Lyle (geneesheer) en 40 Rijdende Polisie.

Ek dink nie die boere het toe al mooi besef wat Shepstone se doel met sy verblyf in die Transvaal was nie. Hulle het hom net beskou as 'n verteenwoordiger van die Britse Owerheid in Transvaal. John Robert Lys het dadelik aan die werk gespring en 'n vergadering in die skoolklaskamer belê [1877-01-01] om die ontvangs van Shepstone te organiseer.

Aankoms en verwelkoming in Pretoria [1877-01-27]

Shepstone en sy gevolg kom reeds die vorige Vrydagaand by die Erasmusrivier aan. Dit is ongeveer 1 uur te perd van Pretoria. Die Saterdag en Sondag ry verskeie stedelinge uit om kennis te maak. Maandagoggend ry die Staatsekretaris met die staatskoets, getrek deur pres. Burgers se vier skimmels om die hoë gaste te gaan haal. Tussen 10 en 11 uur vertrek 'n kavalkade van ongeveer 80 man te perd en 7 rytuie ook uit die stad. Intussen word die stad ryklik met vlae versier.

Die stoet gaan tot by die ou plek van samekoms (bo-op die heuwel waar die paaie van Potchefstroom en Heidelberg uitmekaar gaan). Daar wag hulle omtrent 'n driekwart uur vir Shepstone en sy gevolg om te arriveer. Hulle word met 3 hartlike juigkrete ontvang.

Nadat gegroet is, vertrek die optog na die stad, 20 manne te perd as voorhoede, gevolg deur die staatskoets en orige ruiters, dan die ander rytuie en Shepstone se reiswaens. Dertig manne van die Rijdende polisie maak die agterhoede uit.

Aangekom by die huis van die heer Evans word die perde uitgespan en vandaar word Shepstone se wa op 'n flinke draf deur 'n aantal mans tot by die huis van Lys op Kerkplein getrek. Hier word hy ingewag deur 'n groot aantal mense, onder andere ook heelparty dames. J.R. Lys lees 'n verwelkomingsadres voor waarop Shepstone antwoord. [Beide toesprake is ook in die koerant gepubliseer]

Verwelkomingsete

Daar is besluit om op 30 Januarie 'n Publieke Verwelkomingsete in die Volksraadsaal te hou. Die sekretaris van die reëlingskomitee, A.S. Dawson plaas 'n advertensie in die koerant [1877-01-27] wat lui dat kaartjies teen 2 ghienies elk by die volgende persone gekoop kan word: Lys, De Vries, Russel, Burnham en Kisch. [Daar was toe definitief nog geen Compu Ticket nie]

Die ete word bespreek in De Volksstem van 3 Februarie. Landdros Skinner het opgetree as voorsitter van die ete met die eregas, Shepstone aan sy regterkant en Staatsekretaris

Swart aan sy linkerkant. Tussen 60 en 70 manne het die ete bygewoon. Die spyskaart was varieërd genoeg maar die bediening was swak.

As mens kyk na al die heildronke wat gedrink was, wonder ek hoe het almal veilig by die huis gekom het, of het die perde die pad huietoe geken? Die Voorsitter stel 'n heildronk in op die gesondeheid van president Burgers en ook op die koningin van Engeland. Die voorsitter stel vervolgens 'n heildronk in op Shepstone en hoop dat hy lank mag lewe en "dat sy besoek van nut sal wees vir ons en ook die hele Zuid-Afrika."

Shepstone bedank die Voorsitter. Staatsekretaris Swart stel toe 'n heildronk in op die Shepstone se personeel en Kol. Brooks antwoord namens die staf.

Daar word ook heildronke ingestel op die volgende en op elke heildronk is daar iemand wat antwoord: Uitvoerende Raad; Volksraad; Landbou Handel en Opvoeding; Gesondheid van handwerkslui en albeidende klass; Kerk; Drukkers; Dames; Luit. Phillips – bevelvoerder van die Rijdende Politie; Britse laer [kamp].

Na die heidronk op die dames antwoord Haggard "met een zeer amusante toespraak." Rider Haggard was toe al die een vir die dames.



Shepstone en sy personeel in 1877. Sittende: M. Osborne [Goewerment-sekretaris], W.C. Sargeant [wat die finansies moes ondersoek], sir Theo. Shepstone [Administrateur], Rider Haggard en dr. J.V. Lyle [Superintendent van Onderwys], Staande: Sargeant jnr, Cockrane, kapt. Patterson, [?].

Bal

Daar word ook 'n Bal vir Shepstone en sy personeel gehou by Kingsmill se winkel. Daar word gedans tot 5:30 die volgende oggend.

Krieket

Sport het ook nie agterweë gebly nie. 'n Krieketwedstryd word gereël tussen die Pretoria Klub en die manne van Shepstone se gevolg [1877-03-07]. In dieselfde koerant word ook berig dat Shepstone junior in Pretoria aangekom het.

Nog steeds weet die boere nie wat op hulle wag nie. Die land se 26 jaar van onafhanklikheid word gevier met 'n publieke vakansiedag. Al die winkels was vir die dag gesluit [1877-01-20]. Ook word daar 'n buitengewone Volksraadsitting gehou om die komende presidentsverkiessing te bespreek [1877-03-02]. President Burgers gaan nou uitree en 'n nuwe president moet gekies word.

Nuwe Aanstellings

Die die Volksstem van 11 April word is daar 'n kennisgewing van nuwe aanstellings in die Uitvoerende Raad: N.J.R. Swart as sekretaris vir finansies, E.J.P. Jorissen as sekretaris vir Justisie en J.C. Juta vir publieke werke, polisie en krygswese. Hulle was egter nie lank in hul poste nie.

Proklamasie

Die bom het gebars. Die volgende week [1877-04-18] is die opskrif:

DE TRANSVAAL BRITSCH GEBIED.

In die koerant word die anneksasie volledig bespreek. Veral interessant is die slot-paragraaf: "De heer Swart is aangestled als waarnemende sekretaris der nieuwe Regering – De Bijeenkomste van den Volksraad is voor onbepaalde tijd uitgesteld. –Eene kommissie is aangesteld om onderzoek te doen naar den geldelijke toestand des lands."

In die daaropvolgende weke het heelwat bekendes die Transvaal verlaat. Onder meer pres. Burgers, E.J.P. Jorissen, E. Bok en R. Winstanley. Veiling van eiendomme was ook volop. President Burgers se meubels is per publieke veiling verkoop en daar was o.a. 'n grassnyer en 'n "Ice Machine with chemicals".

Daar word 'n nuwe Krieket klub gestig [1877-05-16].

Die Engelse troepe, onder bevel van Sub. Inspekteur Phillips, het in Pretoria aangekom [1877-05-09]. Hulle kamp voorlopig in die suide van die stad agter die tronk. Ook word daar gekla oor die slegte toestand van die paaie. Veral in die ooste waar goudsoekers baie gate laat staan het.

Later word daar 'n groot resepsie gehou [30 Mei] waarop al die belangrike mense van Pretoria aan Shepstone voorgestel word. Die koerantberig lees soos die "Who is Who" van Pretoria. Dit moes maar 'n langdradige en vervelige affere gewees het. Meer as 130 manne word voorgestel, natuurlik geen vroue nie.

Tot sover die sosiale gebeure rondom Shepstone se aankoms in Pretoria.

Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel